Hoërskool
NOORDHEUWEL
KRAG DEUR KENNIS

# Skoolreëls

**GEDRAGSKODE OF ENIGE ANDER SKOOL AKTIWITEITE**

**DOEN ALLES UITSTEKEND EN STREEF NA HOËR GEHALTE**

**Die volledige lys van skoolreëls word vervat in die gedragskode vir leeders.**

**LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE: IN LOCO PARENTIS (ONDERWYSER STAAN IN DIE PLEK VAN DIE OUER) GELD VANAF 07:00-14:00. BY NASKOOLSE AKTIWITEITE IS DIT DIE PERSOON IN BEHEER VAN DIE AKTIWITEITE.**

## SKOOLURE

Maandag tot Vrydag – 07:25 tot 14:00

## STIPTELIKHEID

- Leerders wat nie reeds teen 07:30 in die vierkant /in die klas aangemeld het nie, is laat.
- Laatkommers moet by die Norieraad of personeel aanmeld en die reëlboekie inhandig vir kontrole.
- Leerders wat laat is, moet nogtans in die saal of vierkant aansluit.

## AFWESIGHEDE

- Leerders mag slegs as gevolg van siekte of ’n grondige rede afwesig wees.
- Ouers sal op dieselfde dag per sms in kennis gestel word indien ’n leerder word gedurende registerperiode afwesig gemerk word.
- Indien ’n leerder afwesig is, word verwag dat die ouers die kantoor voor 08:00 te skakel.
- ’n **Mediese sertifikaat is noodsaaklik vir afwesighede tydens amptelike toetse/eksamens.**
- As ’n leerder ’n **paar dae lank afwesig** gaan wees, moet die ouers die personeel telefonies en per brief (vir rekordhouding) daarvan in kennis stel.
- In geval van langdurige siekte, moet die leerder ’n **mediese sertifikaat** by die voogonderwyser inlewer.
- Die eerste dag na afwesigheid moet die leerder ’n verskoningsbrief van sy ouers aan sy voogonderwyser oorhandig.
- Ouers moet poog om mediese, sowel as tandartsafsprake en afsprake vir rybewyse slegs **na skoolure** te maak.
- Dit is die **leerders wat afwesig was se plig** om agterstallige skoolwerk in te haal. Hulle kan egter staatmaak op die onderwysers se ondersteuning. Skoolversuim (en bank van periodes) word in ’n ernstige lig beskou en kan tot skorsing lei.
- Leerders wat langer as 10 dae sonder wetlike verskoning afwesig is, **sal** van die klasregister geskrap word volgens die onderwysbeleid oor leerderaanwesigheid.

Hoërskool NOORDHEUWEL

KRAG DEUR KENNIS

**KLASDISSIPLINE EN –WISSELING**

- Klaswisseling geskied vinnig, stil en ordelik.
- VLR – lede sien toe dat dit ordelik gaan.
- Sodra die klok aan die einde van 'n periode lui, kry die leerders opdrag van die onderwysers om
  hulle boeke weg te pak, te staan en die klas ordelik te verlaat.
- Leerders mag nie in die klas eet of drink nie.
- Voordat die leerders die klaskamer verlaat, moet die stoele onder die tafels ingestoot word en moet toegesien word dat die lokaal netjies is.
- Beweeg slegs op stoepe, aan die linkerkant.
- Geen selfone mag gebruik word tydens wisseling of gedurende klastyd nie.

**POUSES**

- Geen leerders mag in 'n klaskamer wees sonder toesig van 'n onderwyser nie.
- Die boonste stoepe is buite perke.
- Geen gevaarlike voorwerpe mag rondgegooi word nie en geen gevaarlike speletjies word toegelaat nie.
- Leerders moet onmiddellik op die lui van die klok na pouse reageer sonder om te drentel en flink na die klasse beweeg.
- Geen buitestanders mag op die terrein by leerders wees nie.
- Onbehoorlike fisieke kontak tussen leerders is verbode.
- Geen aankope mag by die snoepie gedoen word nadat die eerste klok vir die einde van pouse gelui het nie.
- Geen leerders mag gedurende pouse sonder personeeltoesig in die saal wees nie.
- Geen leerders mag sonder toestemming en teenwoordigheid van 'n personeellid op die astro- of tartanbaan wees nie.

**VOOR EN NA SKOOL**

- Sodra die terrein deur 'n leerder betree is, tree alle reëls in werking.
- Leerders kan egter volgens die Onderwyswet aangekla word vir oortredings buite die skool in gewone sowel as skoolklere.
- Die terrein mag nie weer sonder toestemming verlaat word nie.
- Vermy samedromming by parkeerarea, motorfietse en motors.
- Klaskamers is nie oop nie, behalwe vir die leerders wat die lokaal skoonmaak.
- Dieselfde reëls geld verder soos vir pouses.

**MOTORS EN MOTORFIETSE**

- Slegs leerders wat in die besit van 'n rybewys is, mag met 'n motor skool toe ry.
- Parkeerskyfie: Aansoeke word deur die dissiplinêre hoof hanteer.
- Geen motorfietse word verby die valboom toegelaat nie – ook nie na-uurs nie.
- Let op die snelheidsperk van 10km per uur.
- Motorfietse parkeer slegs op die aangewese plek.
- A.g.v. beperkte spasie is geen parkering vir leerdervoertuie op die parkeerterrein beskikbaar nie.
- Motors word op eie risiko buite die skoolgrond parkeer.
- Enige voertuig wat op 'n ongemagtigde plek parkeer, sal weggesleep word.

Hoërskool NOORDHEUWEL

KRAG DEUR KENNIS

**KLEEDKAMERS**

- Grondverdieping: Gr 12
- Eerste verdieping: Gr 11
- Tweede verdieping: Gr 10
- Agter saal: Gr 8 en 9
- Kleedkamers moet ten alle tye netjies gehou word.
- Geen samedromming in of naby die kleedkamers nie; dit is nie 'n kuierplek nie.
- Toerusting in kleedkamers mag nie beskadig word nie.
- Rapporteer wangedrag en vandalisme aan die dissiplinêre hoof.

**SKOOLTASSE**

- Enige versterkte skooltas met afskortings is aanvaarbaar. Handboeke is duur en moet opgepas word.
- Skooltasse en IGO sakke moet netjies wees, en duidelik gemerk wees met Naam, Van en Graad.
- Skooltasse en sport sakke moet op aangewese plekke gelos word.
- Skooltasse en sport sakke is ontoelaatbaar in enige verbode area soos aangedui.
- Respekteer ander leerders se tasse en besittings. Dit is hulle privaateiendom!

**TELEFONE, SELFONE, IPADS EN IPODS**

- Geen selfone of i-Pads mag tydens periodes, toetse of eksamen uitgehaal of aangeskakel wees nie. Hierdie items sal gekonfiskeer word en kan teen 'n donasie van R300 of 90 demerietes (drie afgehandelde detensies) teruggekry word. (Die geld gaan in die skool se voedingskema wat vir behoeftige leerders voorsiening maak.)
- Selfone mag wel deel uitmaak van 'n les onder die toesig van 'n personeellid.
- Oorfone, luidsprekers en die "beatbox" is te alle tye verbode.
- Geen musiek mag in die klas geluister word nie.

**FUNKSIES**

- Slegs leerders van ons skool word tydens sosiale geleenthede toegelaat. (Gr. 8's mag nie die Valentyns- en Lentebal bywoon nie.)
- Reg van toegang word ook voorbehou by alle kultuur– en sportbyeenkomste.
- Die funksie bepaal of skooldrag gedra moet word. (Reëlings sal deurgegee word.)
- Die saal moet netjies gelaat word.
- Geen eet- of drinkgoed word in die saal of ouditorium toegelaat nie, behalwe as spesiale omstandighede dit vereis.

**KANTOORBESOEKE**

- Tydens lesure moet die betrokke onderwyser skriftelik toestemming in die leerder se reëls- en riglyneboekie verleen. (Dit moet tot die uiterste noodsaaklikhede beperk word.)
- Algemene navrae word by die venster gedoen.
- Die portaal mag nie as 'n deurloop gebruik word nie.
- Die finansiële kantoor sal **slegs** oop wees **voor** skool, **na** skool en **tydens pouses** (by die venster).
- Kan plaasvind per afspraak deur die sekretaresse (Navrae venster).

## EIENDOM EN VANDALISME

- Die skoolterrein en –gebou moet netjies en skoon gehou word.
- Rommelstrooiing is 'n ernstige oortreding.
- Leerders moet gedurende die skoolure die motorparkeerterrein vermy.
- Die gebou, meubels en apparaat moet beskerm en opgepas word.
- Geen graffiti op meubels, deure, mure en ander plekke word toegelaat nie.
- Leerders moet behulpsaam wees met die bekamping van vandalisme.
- Elke leerder is verantwoordelik vir sy eiendom. Verlore items moet by die kantoor ingegee word.
- Leerders kan gebruik maak van die sluitkassies op die terrein.
- Geen skaatsplanke op die stoepe of die terrein nie.

## KLASONTDUIKING/GEWYDE OPENING

- 1ste Oortreding: Direkte detensie.
- 2de Oortreding: Dissiplinêre verhoor en/ 3 dag skorsing.

## VLAK 1 OORTREDING

- Onderwyser gee versuime deur – 30 punte.
- Detensie met SMS aan ouers – 60 punte.
- Detensie met waarskuwing aan die ouers en dissiplinêre gesprek met leerder – 100 punt.
- Dissiplinêre gesprek gereël deur dissiplinêre hoof wat tot tydelike uitsetting kan lei.

## VLAK 2 OORTREDING

- Volgens die skool se dissiplinêre kode.
- Ouers word gekontak.
- Dissiplinêre gesprek.
- Gemeenskapsdiens of tydelike uitsetting.

## VLAK 3 OORTREDING

- Dissiplinêre verhoor.
- Die dissiplinêre Hoof is die aanklaer / persoon soos deur die bestuur of beheerliggaam aangewys.
- Tydelike uitsetting of skorsing word bepaal deur die beheerliggaam se dissiplinêre komitee of hul gedeligeerde.

## DWELMGEBRUIK / -MISBRUIK

- Volgens Onderwyswet 84 van Artikel 8a van 1996 mag enige leerder vir dwelms getoets word en ouers sal binne 24 uur in kennis gestel word van die uitslag.
- Leerders mag nie die skoolgrond betreë indien hulle onder die invloed van dwelms is nie.

Hoërskool
NOORDHEUWEL
KRAG DEUR KENNIS

## DRANKMISBRUIK EN ROOK

- Geen leerder mag alkoholiese drank op die skoolterrein bring of gebruik nie.
- ʼn Leerder wat alkoholiese drank gebruik het, mag nie die skoolterrein betree nie.
- Oortredings in hierdie verband word in ʼn baie ernstige lig beskou.
- Die nuwe tabakwet verbied enige rook in die geboue en op die skoolgrond. Geen leerder mag dus op die skoolterrein of in skooldrag rook nie. Leerders wat rook, ondermyn hul eie gesondheid. Hierdie oortreding word ook in ʼn baie ernstige lig beskou.
- Geen leerder mag in besit wees van vuurhoutjies, aanstekers of sigarette nie.
- Leerders mag nie na tabak ruik, of in die geselskap, of in die omgewing van rokers wees nie.
- Geen rookpype (hubbly), e-sigarette of "vaporisers" word op die terrein toegelaat nie.
- Geen gekonfiskeerde items sal terugbesorg word aan ouers of leerders nie.

## VERSUIME EN DETENSIEKLASSE

- Leerders wat hul skuldig maak aan pligsversuim ten opsigte van huiswerk en/of gedragsprobleme ontvang ʼn versuim-inskrywing op die stelsel.
- Detensieklasse vind tussen 14:00 – 16:00 op ʼn Vrydagmiddag plaas. (of soos gereël)
- Dertig negatiewe punte lei tot ʼn detensie.
- In sekere gevalle kan gemeenskapsdiens die plek van detensie inneem.
- Ontduiking van detensie / gemeenskapsdiens, of enige ander dissiplinêre intervensie, sal tot tydelike uitsetting of skorsing lei.
- Slegs in uitsonderlike gevalle sal ʼn leerder van die detensieklas verskoon word (as hy / sy by ʼn ander skoolaktiwiteit betrokke is). Daar moet dan vooraf verskoning gemaak word.
- Leerders wat nie detensies teen eksamentyd afhandel nie, sal bloktyd verbeur.
- Indien ʼn leerder twee detensie geleenthede mis sal ʼn dissiplinêre gesprek gehou word met ouers en leerder.
- Die skool gee erkenning aan kultruele en godsdienstige diversiteit en enige uitsondering op die reël sal deur die bestuur op ʼn ad hoc-basis hanteer word.
- Leerders is ook onderhewig aan die vereistes soos in bylaag 1- en 2-oortredings uiteengesit.

## BYLAAG 1 (ERNSTIGE WANGEDRAG WAT SKORSING TOT GEVOLGE KAN HÊ)

ʼn Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees, indien hy of sy opsetlik en sonder grondige rede:

- Leer of onderrig in ʼn klas bedreig, ontwrig of frustreer.
- Aan ʼn sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur kollektiewe aksie te ontwrig.
- Die waardigheid van enige leerder aantas of enige leerder of ander persoon belaster, waaromder ook die maak va die rassistiese aanmerkings.
- Enige toets- of eksamenmateriaal besit of versprei, wat iemand anders in staat stel om ʼn onregverdige voorsprong in ʼn toets of eksamen te kry.
- In ʼn toets of eksamen of enige ander vorm van assessering kul.
- Aan enige daad van openbare onsedelikheid deelneem.
- Iemand anders seksueel teister.
- In besit gevind word van pornografiese materiaal of dit versprei.
- Onder die invloed of in die besit van alkohol is.

**Hoërskool NOORDHEUWEL**

KRAG DEUR KENNIS

## BYLAAG 2 (ERNSTIGE WANGEDRAG WAT UITSETTING TOT GEVOLGE KAN HÊ)

’n Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees, indien hy of sy:

- Skuldig bevind word aan wangedrag soos in Bylaag 1 vervat, menende dat hy by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is.
- Versuim om te voldoen aan ’n straf of skorsing as korrektiewe maatreëls.
- Of opsetlik/sonder sonder grondige rede:
- Enige dokument of handtekening vervals waar dit potensieel of werklik tot nadeel van die skool kan wees.
- In enige toets- of eksamenvraestel of in enige toets- of eksamenmateriaal handel dryf.
- Poog om enige persoon om te koop of enige persoon omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen om homself / haarself of ’n ander persoon in staat te stel om onregverdige voordeel daaruit te trek.
- Aan bedrog deelneem.
- Skuldig is aan diefstal, of andersins oneerlik optree tot nadeel van ’n ander persoon.
- In besit van, gebruik maak van of handel dryf in enige onwettige of ander skadelike middel.
- Narkotiese of ongemagtigde dwelms besit, gebruik of oordra.
- In besit van enige gevaarlike wapen.

Dissiplinêre verhore, volgens departementele voorskrif, word gevolg met betrekking tot ernstige oortredings.

## LEERLINGE WAT TERREIN VROEËR MOET VERLAAT

Die volgende reëls t.o.v. uitteken by die skool is vir u kind se eie veiligheid en is ook ’n voorkomings maatreël vir stokkiesdraai:

- Afsprake moet vooraf in die leerder se dagboekie aangeteken word deur die OUER. Leerders kom dan self uit die klas volgens die aangeduide tyd soos in dagboek.
- Indien ouers nie self die leerder kan kom uitteken nie, moet ’n e-pos gerig word aan: alta.kriel@nories.co.za
- Geen leerder word per interkom uit die klas geroep nie.
- Leerders wat gedurende die dag ontsteld raak, moet by ontvangs kom wag vir hul ouers. GEEN leerder word uit die klas geroep nie.
- Indien leeders voor 10h00 die skoolgrond verlaat, word hulle AFWESIG gemerk vir daardie spesifieke dag.

## ALGEMENE NETHEIDSREËLS

Netheid is ‘n deurlopende aksie. Leerders moet dus te alle tye aan die vereistes voldoen. Die skool behou hom die reg voor om te enige tyd wat dit nodig geag word,
netheidskontrole te doen of individuele leerders oor netheid aan te spreek ten einde eenvormige standaarde te verseker. Herhaalde oortredings van die netheidsreëls sal tot detensie lei. Reëls ten opsigte van voorkoms geld in dieselfde mate vir alle leerders. Uitsonderings is dus onbillik

Die volgende netheidsreëls is van toepassing op alle leerders van Hoërskool Noordheuwel:

Hoërskool NOORDHEUWEL

KRAG DEUR KENNIS

**ALGEMENE BEGINSELS**

1. Leerders se optrede moet spreek van trots op hulle skool en skooldrag - ook buite die terrein.
2. Die erekode moet ook op hierdie wyse uitgeleef word en in ere gehou word.
3. Alle skooldrag moet met die leerder se naam gemerk word.
4. Seuns en dogters moet op die dag wat die skool begin, reeds aan die netheidsvereistes voldoen, sodat dit nie nodig is om hulle aan te spreek nie. Ernstige gevalle van oortreding word huis toe gestuur.
5. Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.
6. Netheidsreëls geld tot op die laaste skooldag van elke kwartaal, ook aan die einde van die jaar. Netheidsreëls geld VIR MATRIKULANTE TOT DIE LAASTE VAK geskryf is.
7. Leerders wat gedurende die eksamen nie aan die netheidsvereistes voldoen nie, sal deur die bestuur hanteer word.
8. Ongemagtigde items soos verkeerde kleredrag (ook gordels) en juwele sal gekonfiskeer word en kan aan die einde van die betrokke kwartaal by die finansiële kantoor afgehaal word.
9. Slegs skoolverwante speldjies mag op die kleurbaadjie se linkerlapel gedra word. VLR, Norieraad, TOP 10.
10. Hemde moet te alle tye ingesteek wees en nie oor bv. rompies gevou word nie. Die reëls bly van toepassing na skool waar ookal die leerder in skooldrag beweeg.
11. Skoolskoene moet altyd skoon en gepoleer wees.
12. Alle skoolklere moet netjies versorg word. Stukkende klere moet herstel word en knope moet aangewerk wees.
13. ‘n Langmoutrui word nie sonder ’n baadjie gedra nie.
14. Sweetpakbaadjies word nie in die plek van kleurbaadjies of winterbaadjies gedra nie.
15. Truie, winterbaadjies en baadjies se moue mag nie opgeskuif word nie.
16. Langbroeke moet ‘n netjiese soom hê. Die langbroek moet aan die middel van die skoen se hak raak.
17. Hemde moet te alle tye ingesteek wees.
18. Dra van skoolbaadjie is ten alle tye verpligtend.
19. Geen tatoeëermerke mag sigbaar wees nie.
20. Skoenveters moet altyd vas wees.
21. Geen vreemde snitte op wenkbroue word toegelaat nie.

**SKOOLDRAG**

**DIE AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN ONS KLEREDRAG IS:**

- Die skool se klerewinkel: Me Engela Briedenhann Tel: 011 954 0594
- Amod & Sons – Kommissarisstraat, Krugersdorp–Wes Tel: 011 660 2917
- Woolworths / PEP

**KLEURBAADJIES**

- Die dra van kleurbaadjies is verpligtend tydens die somer en winter.
- Kleurbaadjie mag net met toestemming van die klasonderwyser tydens klasse uitgetrek word.
- Kleurbaadjies mag tydens pouses uitgetrek word.
- Leerders wat die adminkantoor besoek, moet ten alle tye kleurbaadjies dra.
- Winterbaadjies kan as deel van die winterdrag / wintersdae gedra word.
- Volle skooldrag moet onder die winterbaadjies gedra word.
- Wintersbaadjie mag nie onder skoolbaadjies gedra word nie.

Hoërskool NOORDHEUWEL

KRAG DEUR KENNIS

## TRUIE

- ‘n Langmoutrui word nie sonder ’n baadjie gedra nie.

## SKOOLDRAG:SEUNS

1. Langmouhemde se moue moet netjies bo die elmboog opgerol wees indien die baadjie uitgetrek is.
2. Dasse moet elke dag gedra word. Die hemp se boonste knoop moet vasgemaak wees. Die das se onderste punt moet die gordel raak.

## (WINTER EN SOMER)

| | |
|---|---|
| Broek: | Grys langbroek wat nie nouer afgewerk mag word nie. |
| Hemp: | Ligblou dashemp met knoop. |
| GR 12’s: | Wit. |
| Das: | Skooldas. Graad 12-das. |
| Trui: | Donkerblou met V–hals (mouloos) .<br>Langmou oortrektrui met V- hals (winter). |
| Kouse: | Grys met wit en ligblou strepie. |
| Skoene: | Swart met veters en ‘n behoorlike hak.<br>Geen diksole, stewels, gespes of aanglipskoene nie. |
| Kleurbaadtjie: | Donkerblou met sakwapen |
| Skoolserp: | Die amptelike serp (winter en wintersdae) |
| Wintersbaadjie: | Die amptelike winterbaadjie kan in die wintermaande of op wintersdae gedra word |
| Pette: | Pet-etiket behels dat geen pette in lokale, kantore of gedurende vierkantopening gedra sal word nie. Indien jy iemand groet, moet die pet gelig word. |

## TOESKOUERS

- Alle skoolsportgeleenthede moet in skooldrag bygewoon word.

## JUWELE

- Geen kettings, ringe, armbande (rekkies of leer) mag gedra word nie.
- Slegs lapelwapens/speldjies van die skool of aktiwiteit waarby die skool betrokke is, mag gedra word.
- Verbode juweliersware word gekonfiskeer en tot aan die einde van die kwartaal in die skool se kluis bewaar.

## HAARSNIT

Wanneer die hare afgekam word:

- Mag die kante nie oor die ore hang nie;
- Mag die kuif nie aan die wenkbroue raak nie, kuif moet 2,5cm van wenkbrou af wees.
- Mag dit agter en bo die kop nie dikker / langer as 40mm wees nie;
- Mag die wangbaard nie laer as die middeloor gedra word nie en moet dit kort gesny wees.
- Daar moet elke dag geskeer word, selfs al word ‘n masker gedra.

## VERDERE SPESIFIKASIES

- Geen "vreemde" of onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie.
- Hare mag nie gekleur of gebleik word nie;
- Hare mag nie in die nek 'n stertjie vorm nie en moet nie 'n wal of verdikking hê nie;
- Geen eksamen, kompetisie, funksie of opvoering word as verskoning aanvaar om hare te laat groei of om skooldragreëls te oortree nie;
- Geen oormatige jel of mousse mag gebruik word nie, ook nie enige middel wat 'n nat of gepluisde voorkoms verleen nie;
- Die haarvorm moet egalig vertoon.
- Geen vreemde snitte mag in wenkbroue gemaak word nie.
- "Mullets", "Comb overs", "Perms" is verbode.

## SKOOLDRAG:DOGTERS

### SOMERDAE

| | |
|---|---|
| Rok: | Donkerblou(prinsesstyl, met ligblou kragie en mou–omslag). Rompbelt mag nie saam met die rok gedra word nie |
| Kouse: | Wit skoolkouse - slegs een maal omgevou, of Norie-kouse. |
| Oortrektrui: | Donkerblou met V–hals (mouloos) |
| Skoene: | Swart, met enkelband oor die voet of "Baby dolls". Geen ander diksoolskoene of oprygskoene word toegelaat nie. |
| Kleurbaadjie: | Donkerblou met sakwapen. |
| Kniebroek: | Donkerblou. Geen langmoutrui of sykouse mag by die kniebroek gedra word nie. |
| Langbroeke | Donkerblou. Langbroeke mag nie nouer afgewerk word nie. |
| Rompie: | Donkerblou. |
| Hemp: | Ligblou dashemp met knoop (graad 12's – wit). |
| Skoolserp: | GEEN serp mag in die somer of somersdae gedra word nie. |

1. Dogters se onderklere mag nie deurskyn of sigbaar wees nie.
2. Die romp-, en roklengte mag nie korter as 15 cm wees nie, gemeet vanaf die lyn aan die agterkant van die knie, wanneer die dogter regop staan.
3. Die kortbroeklengte mag nie korter as 18 cm wees nie.
4. Die Norieraad mag glad nie 'n kortbroek by 'n kleurbaadjie dra nie.

### WINTERSDAE

| | |
|---|---|
| Rok: | Geen rokke mag in die winter / wintersdae gedra word nie. Slegs Romp of Langbroek. |
| Langbroek: | Donkerblou (wit kouse of swart sykouse - opaque). Langbroeke mag nie nouer afgewerk word nie. |
| Kniebroek: | GEEN KNIEBROEKE word tydens die winter toegelaat nie. |
| Rompie: | Donkerblou. |
| Hemp: | Ligblou dashemp met knoop (Graad 12's – wit). |
| Das: | Donkerblou met strepie - ten alle tye<br>Graad 12-das |
| Truie: | Donkerblou met V–hals (moulose oortrektrui).<br>Donkerblou (trui met ligblou strepies faseer uit). |
| Kouse: | Navy / Swart sykouse (by romp) en amptelike wit nories kouse by langbroek. |
| Skoene: | Swart, soos vir somersdrag |
| Wintersbaadjie: | Die amptelike wintersbaadjie kan in die wintermaande of op wintersdae gedra word. |
| Skoolserp: | Die amptelike serp. |

Hoërskool NOORDHEUWEL
KRAG DEUR KENNIS

**NAELS**
- Mag nie verby die vingerpunte steek nie.
- Slegs deursigtige, kleurlose naellak (sonder blinkers) mag saam met die skool- of sportdrag gedra word.
- Geen kunsnaels word toegelaat nie.

**HARE**
- Hare moet netjies wees. Dit moet 'n paslike styl wees vir 'n skooldogter wat 'n uniform dra.
- **GEEN** haarkleur word toegelaat nie.
  Die kleur van hare word geensins toegelaat nie.
  Indien 'n dogter se hare gekleur is, sal dit tot DRIE direkte detensies lei. Slegs Me B Prinsloo hanteer hierdie detensies.
  Kontrole sal maandeliks gedoen word om toe te sien dat hare nie weer gekleur word nie. Indien 'n leerder se hare weer gekleur word, geld dieselfde strafmaatreël.
  Hare wat gekleur word om 'n "natuurlike" voorkoms te gee, is ook onaanvaarbaar. 'n Leerder mag nie hare wat gekleur is, weer kleur om die natuurlike kleur terug te bring nie.
  Navrae kan aan Me B Prinsloo gerig word. (E-pos: bianka.prinsloo@nories.co.za)
- Lang hare of hare wat aan die onderkant van die kraag raak, moet stewig teen die kop vasgemaak wees en uit die oë weggebind word.
- Kuiwe mag nie die wenkbroue raak nie en dié wat voor die ore, oor die wenkbroue hang, moet stewig vasgemaak of vasgesteek wees.
- Hare mag geensins in slierte in en langs die gesig hang nie.
- Geen stertjies en vreemde los toutjies word toegelaat nie.
- Hare moet natuurlik gekam word. Hare mag onder gee nomstandighede regop staan nie. Geen "wet look" word toegelaat nie. Geen oormatige jel of mousse mag gebruik word nie.
- Geen wilde of uitheemse haarstyle is aanvaarbaar nie.

**GRIMERING**
- Geen tydelike/permanente grimering of kunswimpers word toegelaat nie.
- Onderlaag, maskara of gekleurde lipglans mag nie gedra word nie.

**VASMAAKMIDDELS VIR HARE**
- Slegs navy linte en strikkies word toegelaat. Slegs blou en swart knippies mag gedra word.
- Rekkies moet wit, ligblou of navy wees.
- Geen versierings, bv. diamante, pêrels, blomme, kraletjies ens. nie.
- Slegs een ligblou of donkerblou "Alice band" (maks. 2cm) sonder enige versierings mag gedra word. Slegs matriek mag 'n wit kopband dra. Te koop by die klerewinkel.

**JUWELE**
Slegs die volgende juwele is toelaatbaar:
- Horlosies met konvensionele armbandjies.
- Oorringetjies moet glad, dun en rond wees met 'n maksimum deursnit van 1cm.
- Slegs een paar 5mm goue of silwer oorknoppies (studs) in die oorlob (een in elke oor). Geen steentjies nie.
- Slegs matrieks mag pêreloorbelle dra. (5mm)
- Slegs lapelwapens/speldjies van die skool of aktiwiteit waarby die skool betrokke is, mag gedra word.
- Slegs goue of silwer seëlringe mag gedra word.
- Geen ander ringe is toelaatbaar nie.

**LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE INLIGTING**:

- Niks anders as oorknoppies of ringetjies mag deur die gaatjies van die oor gedra word nie.
- Geen pêrels, blink stene of enige ander kleur oorbel sal toegelaat word nie.
- Geen kettinkies en armbandjies van watter aard ookal word toegelaat nie.
- Geen "body piercing" in enige liggaamsdeel behalwe die ore sal toegelaat word nie.
- Tatoeëermerke (indien reeds gedoen) mag nie sigbaar wees nie.
- Geen vreemde snitte in die wenkbroue word toegelaat nie.
- Geen "microblading / "powderbrows" / onnatuurlike wenkbroue of "eye lashes" word toegelaat nie.

**HANDBOEKE**

- Alle handboeke het 'n gekodeerde plakker voor in die boek; wat met plastiek bedek is. Die boekstore
  het skandeerders wat die plakkers kan lees.
- Die vyf boekstore gee die handboeke aan die begin van die jaar uit en neem dit weer terug aan die einde van die jaar.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gr 8 | Me Z Marais | - | E103 |
| Gr 9 | Me M Pelser | - | B205 |
| Gr 10 | Me N Maritz | - | E101 |
| Gr 11 | Me E Swanepoel | - | B13 |
| Gr 12 | Me L Hyman | - | E102 |

- Alle handboeke moet met 'n harde plastiek oorgetrek word en 'n versterkte blad voorin kry. Die plakker moet nie met die plastiek of karton bedek word nie.
- Elke kwartaal word daar 'n handboekinspeksie deur die vakonderwyser gehou. By hierdie inspeksie word daar na die volgende gekyk:
  - Is die handboek oorgetrek?
  - Is die plakker sigbaar en nie bekrap nie?
  - Is die boek steeds in 'n goeie toestand?
  - Het elke handboek 'n versterkte blad in en is die rugkant versterk met "duct tape"?
- Indien 'n leerder nie aan hierdie vereistes voldoen nie, kry hy/sy 'n demeriete vir elke boek wat nié aan die stan daarde voldoen nie. As 'n leerder 'n boek verniel het of die plakkers is bekrap, moet hy die boek koop teen R250,00. Die geld moet by me Daleen Holton inbetaal word in die Finansies kantoor. Die kwitansie moet dan terugbesorg word aan die boekstoorpersoneel, sodat die handboek teen die kind se naam verwyder kan word.
- Indien leerders die skool verlaat, moet handboeke by die boekstoor ingelewer word, saam met 'n N19-vorm.
- Dieselfde reël geld vir vakveranderings. GEEN vakpersoneel ontvang handboeke nie.

| KODE | | GEDRAG | PUNTE | |
|---|---|---|---|---|
| 1-01 | VLAK 1 | Versuim om klas betyds by te woon | -10 | |
| 1-02 | | Verlaat klas sonder toestemming | -10 | |
| 1-03 | | Oneerlikheid in klastoets | -30 | |
| 1-04 | | Versuim om huiswerk te voltooi | -5 | |
| 1-05 | | Oneerlikheid met geringe gevolge | -10 | |
| 1-06 | | Wangedrag (spesifiseer) (Ad hoc basis) | -10 | |
| 1-07 | | Handboeke/skrifte nie by skool | -5 | |
| 1-08 | | Toetse/Eksamen nie geteken op aangeduide datum | -5 | |
| 1-09 | | Afskryf van huiswerk | -5 | |
| 1-10 | | Verkeerde skooldrag/Onnet voorkoms/Oortreding van hare reëls | -10 | |
| 1-11 | | Laat vir skool | -5 | |
| 1-12 | | Fisiese kontak (spesifiseer) (Ad hoc basis) | -10 | |
| 1-13 | | Verkeerde toesigklas | -30 | |
| 1-14 | | Disrespek (spesifiseer) (Ad hoc basis) | -10 | |
| 1-15 | | Rommelstrooi | -10 | |
| 1-16 | | Verbode terrein | -10 | |
| 1-17 | | Gebruik van vuiltaal | -10 | |
| 1-18 | | Formele assessering laat | -10 | |
| 1-19 | | Buite klas sonder dagboek/handtekening in dagboek, dagboek tuis | -10 | |
| 1-20 | | Eet/drink in klaskamer, vierkantopening, saalopening, pawiljoenopening | -10 | |
| 1-21 | | By sluitkassies tydens klaswissweling sonder toestemming | -10 | |
| 1-22 | | Geen amptelike skoolrooster in besit | -10 | |
| 1-23 | | Onderrig onderbreking (Ad hoc basis) | -5 | |
| 2-01 | VLAK 2 | Gereelde herhaling van vlak 1-oortredings | | RAPPORTEER AAN DISSIPLINÊRE HOOF |
| 2-02 | | Besit of gebruik van tabak/rook-toeskouer, Vape en/of verwante produkte | | |
| 2-03 | | Afwesig van verskeie klasse | | |
| 2-04 | | Oneerlikheid gedurende eksamen | | |
| 2-05 | | Verbale bedreiging van 'n ander persoon se veiligheid | | |
| 2-06 | | Dagrooster nie voltooi / nie ingehandig | | |
| 2-07 | | Selfoon/ipad ens. waarneembaar in klas sonder toestemming | | |
| 2-08 | | Ontduik 1 periode | | |
| 2-09 | | Skiet van klappers | | |
| 2-10 | | Ontduik detensie / gemeenskapdiens | | |
| 2-11 | | Diskriminerende gedrag / Boelie, kuberboelie | | |
| 2-12 | | Skoolontduiking | | |
| 2-13 | | Graffiti op boeke of geboue | | |
| 2-14 | | Banke, skooleiendom beskadig | | |
| 3-01 | VLAK 3 | Gereelde herhaling van vlak 2-oortredings | | |
| 3-02 | | Geringe besering van'n ander persoon | | |
| 3-03 | | Besit of gebruik van alkohol / enige narkotiese middel | | |
| 3-04 | | Erge ontwrigtende gedrag | | |
| 3-05 | | Besit van'n gevaarlike wapen | | |
| 3-06 | | Diefstal / Vandalisme | | |
| 3-07 | | Oneerlikheid / vertel leuens | | |
| 3-08 | | Vervalsing | | |
| 3-09 | | Naamskending, Laster | | |
| 3-10 | | Rook by herhaling | | |
| 3-11 | | Onsedelike gedrag / pornografie / netwerkmisbruik | | |
| 3-12 | VLAK 4 | Naamskending, versprei van foto's/ video's, bespreking van leerders op sosiale media platforms. | | |
| | | | | |
| 4-01 | | Gereelde herhaling van Vlak 2-of 3-oortredings | | |
| 4-02 | | Dreig met 'n gevaarlike wapen | | |
| 4-03 | | Opsetlike fisiese besering van'n ander persoon | | |
| 4-04 | | Afpersing / bedreiging van ander persoon se eiendom | | |
| 4-05 | | Besit van 'n vuurwapen | | |
| | VLAK 5 | | | |
| 5-01 | | Gereelde Vlak 4-oortredings | | |
| 5-02 | | Besit en verkoop van narkotiese middels | | |
| 5-03 | | Aanranding | | |
| 5-04 | | Seksuele teistering of misbruik | | |
| 5-05 | | Roof of ernstige diefstal | | |
| 5-06 | | Opsetlike gebruik van 'n gevaarlike wapen | | |

Hoërskool
NOORDHEUWEL
KRAG DEUR KENNIS

**BUSVERVOER**
Hoërskool Noordheuwel bedien verskeie busroetes. Dit is op die webtuiste beskikbaar.

**BUSFOOIE**
- R65 per rit
- R600 per week (10 ritte)
- R90 per skooldag vir maandkaartjies

- Roetes asook tydskedules word gereeld hersien na gelang van veranderde behoeftes van die gemeenskap.
- Vervoer na afloop van beoefening van buitemuurse aktiwiteite is ook beskikbaar en kan benut word. Enige navrae in dié verband kan aan die ontvangs aan die sportkantoor gerig word.
- Leerders wat hulle wangedra op busse kan die voorreg van busvervoer verbeur.
- Geen beskadiging van busse sal geduld word nie.
- Leerders moet vir die volle duur van die rit op die sitplekke sit. (Geen gestaan/geloop nie).
- Leerders moet kennis dra dat, indien daar by die skool, op die busse gewag word, dit binne die terrein moet wees.
- Enige busnavrae kan gerig word aan me Rina Steyn: (011) 954 1032.
- Alle skoolreëls is van toepassing op busse.

**BANKBESONDERHEDE**

Hoërskool Noordheuwel
Absa
Rekening nommer: 310 391 255

**SKOOLGELD**

1ste Paaiement: R4 300
11 Paaiemente van R3 450 p.m. = R37 950
Totale skoolgeld vir 2025: R42 250

Betaal volle bedrag teen 31/03/2025 en ontvang R3000 korting.
Totale bedrag: R39 250

Enige navrae i.v.m. skoolfonds:
Me Nanette Uys E-pos: nanette.uys@nories.co.za

***Die skool gee erkenning aan kulturele en godsdienstige diversiteit en enige uitsonderings op die reël sal deur die bestuur op ad hoc basis hanteer word.***